

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		MEI/JUNIE 2025	
VAK		REKENAARTOEPASSINGSTEKNOLOGIE	
VRAESTEL		2	
PUNTETOTAAL		150	
TYDSDUUR (UUR)		3	
AANTAL BLADSYE		19	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
 SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INLIGTING EN INSTRUKSIES

- Hierdie vraestel bestaan uit:
AFDELING A: (25 punte)
AFDELING B: (75 punte)
AFDELING C: (50 punte)
- Beantwoord **AL** die vrae in die antwoordboek.
- Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
- Begin **ELKE** vraag op 'n **NUWE** bladsy.
- Laat 'n reël oop tussen **ELKE** subvraag.
- Lees elke vraag sorgvuldig deur voordat jy antwoord en **MOENIE** meer inligting gee as wat die vraag vereis nie, aangesien dit **NIE** nagesien sal word nie.
- Een punt word per feit toegeken; daarom sal 'n 2-punt vraag **TWEE** feite vereis, ens.
- Antwoorde soos 'stadiger/vinniger' en 'goedkoper' ens. sal **SLEGS** aanvaar word as dit gemotiveer is.
- Alle antwoorde **MOET** verband hou met Rekenaartoeassingstegnologie. **MOENIE** handelsname in jou antwoorde gebruik nie, tensy dit spesifiek vereis word.
- Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.



AFDELING A

VRAAG 1: PAS-ITEMS

Kies die toepaslike term/konsep vanuit **KOLOM B** wat pas by 'n verduideliking in **KOLOM A**. Skryf **SLEGS** die letter langs die vraagnommer in jou **ANTWOORDBOEK** bv. 1.11 U.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Hierdie sigbladkenmerk stel gebruikers in staat om data in 'n sel outomaties aan te pas op grond van spesifieke kriteria	A	vertoonpoort ('display port')
		B	ingebedde data ('embedded data')
1.2	Laat 'n grafiek wat in 'n MS Word-dokument geplak ('pasted') is, opdateer wanneer die data in die MS Excel-lêer verander	C	HAN
		D	PCIe
1.3	Koordlose netwerke stuur data deur gebruik te maak van ...	E	veranderingspoor ('track change')
1.4	'n Globale netwerk van netwerke	F	kuberaanranding
1.5	Veroorsaak skade op verskeie maniere, soos deur dreigemente, laster, skadelike, vyandige of intimiderende gedrag teenoor individue of groepe	G	lynbreuk ('line break')
		H	Find
		I	skakel ('link')
1.6	'n HTML-merker ('tag') wat slegs uit een merker bestaan (geen opening- en sluit merker nie)	J	digitale golwe
1.7	'n Sigbladfunksie wat 'n waarde in die boonste ry van 'n tabel opsoek en 'n waarde van dieselfde kolom in 'n gespesifiseerde ry onder terugstuur	K	aanlynteistering
		L	deurhaal ('strikethrough')
1.8	Dié formateringkenmerk in MS Word word gebruik om 'n streep deur teks te trek om aan te dui dat die teks uitgevee is	M	VLOOKUP
		N	oorgange ('transitions')
1.9	Die vinnigste verbinding aan 'n monitor wat deur rekenaars gebruik word	O	horisontale lyn
		P	HLOOKUP
1.10	Die mees algemene gleuf ('slot') vir die byvoeging van 'n Wi-Fi-kaart by 'n moderne rekenaar	Q	HDMI
		R	internet
		S	radiogolwe
		T	voorwaardelike formatering ('conditional formatting')




VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees toepaslike antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1 tot 2.5) in jou **ANTWOORDBOEK** neer, byvoorbeeld 2.6 E.

- 2.1 Die hoofdoelwit is om sagteware te skep wat fokus op die behoeftes van mense deur effektiewe toepassings te ontwerp.
- A GUI-ontwerp
 - B Gebruikergesentreerde ontwerp
 - C Dinamiese ontwerp
 - D Interaktiewe ontwerp (1)
- 2.2 Die deel van 'n mobiele toestel se internetverbinding met ander gekoppelde toestelle.
- A Toegangspunt ('Access point')
 - B FTP
 - C 'Tethering'
 - D IP (1)
- 2.3 'n Soort skarefinansiering ('crowdfunding') wat individue in staat stel om geld te gee vir nuwe besighede, besighede of eiendomsprojekte in ruil vir aandele of skuldsekeriteite.
- A Belegging
 - B Skenking
 - C Beloning
 - D Algemene (1)
- 2.4 Die volgende HTML-kode sal 'n prentjie met die naam **image1.jpg** korrek op 'n webblad vertoon.
- A ``
 - B ``
 - C ``
 - D `` (1)



2.5 Wat is die doel van die aftrekpyltjie ('drop-down arrow') in die skermskoot wat in die boonste ry van 'n Excel-sigblad verskyn?



- A Om 'n funksie in 'n geselekteerde sel in te voeg.
- B Vir voorwaardelike formatering van die kolom.
- C Om die inhoud van die sel te formateer.
- D Om die inhoud van die kolom te filter.

(1)

[5]




VRAAG 3: WAAR OF ONWAAR-ITEMS

Dui aan of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (3.1 tot 3.10) in die **ANTWOORDBOEK** neer. Korregeer die stellings as dit **ONWAAR** is deur die onderstreepte woord te verander sodat die stelling **WAAR** is.

Let wel:

- Jy mag **NIE** die woord 'nie' gebruik om die stelling te verander nie.
 - Geen punt sal toegeken word indien slegs ONWAAR geskryf word nie.
- 3.1 Sjablone ('templates') help om dokumentformate te standaardiseer en is veral nuttig wanneer verskeie dokumente oor dieselfde onderwerp geskep word. (1)
- 3.2 Databasis-sagteware maak die ontleding van data moontlik deur middel van funksies, formules en die skep van grafieke. (1)
- 3.3 Die internet is 'n private netwerk slegs vir die personeel van 'n organisasie en toegang kan vanaf enige plek verkry word. (1)
- 3.4 Spioensagteware ('spyware') is 'n truuk/foefie wat sielkundige taktieke gebruik om mense te mislei en toegang tot hul stelsels en data te gee. (1)
- 3.5 Die inhoud in die liggaam ('body') van 'n webblad sal op die webblaaier-oortjie ('web browser tab') verskyn. (1)
- 3.6 As Opsies ('Options') vanaf die 'File'-kieslys in 'n Microsoft Word-dokument gekies word, sal die volgende eienskappe vertoon word .



(1)



- 3.7 'n Boekmerk ('bookmark') in 'n woordverwerkingsdokument laat jou toe om vinnig na 'n spesifieke afdeling te navigeer deur 'n hiperskakel te gebruik. (1)
- 3.8 Die aanvanklike laai-instruksies vir 'n rekenaar word in LAG ('ROM') gestoor. (1)
- 3.9 'n Koelplaat ('heatsink') word tussen die SVE ('CPU') en die verkoelingswaaier geplaas. (1)
- 3.10 Die aantal RAM-modules wat by 'n tafelrekenaar gevoeg kan word, word beperk deur die aantal ZIF-sokke ('sockets'). (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: [25]



AFDELING B

VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

- 4.1 Noem TWEE tipes media wat in multimedia-aanbiedings ingesluit kan word. (2)
- 4.2 Verduidelik die verskille tussen skyfpartisie ('disk partitioning') en skyfformatering, ('disk formatting') deur te fokus op die doel van elke proses. (2)
- 4.3 Beskryf kortliks hoe die intekenmodel ('subscription model') van aanlyn-toepassings soos Microsoft Office 365 eienaarskap en opdaterings van die sagteware beïnvloed. (2)
- 4.4 Terwyl jy aanbiedings doen, wil jy 'n koordlose ('wireless') mikrofoon aan jou skootrekenaar koppel. 'n Vriend stel voor om NVK ('NFC') vir die verbinding te gebruik. Sal jou vriend se voorstel werk? Motiveer jou antwoord. (2)
- 4.5 Jy beplan om 'n grafikakaart by jou rekenaar te voeg. Noem TWEE belangrike hardeware-spesifikasies van jou rekenaar om in ag te neem voordat jy die grafika-kaart koop. (2)
- 4.6 Vier tipes hardeware-spesifikasies wat tipies by stelselvereistes ingesluit word, is stoor spasie, LTG ('RAM')-vereistes, GPU en SVE ('CPU')-spesifikasies. Beantwoord die volgende vrae.
- 4.6.1 Waarom kan 'n mens dalk die hoeveelheid stoor spasie wat benodig word, ignoreer wanneer 'n nuwe toepassing gebruik word? (2)
- 4.6.2 Spesifiseer die liggings waar 'n GPU en 'n SVE geïnstalleer word. Dui GPU en SVE duidelik aan gevolg deur jou antwoord. (2)
- 4.6.3 Rekenaars is toestelle wat staatmaak op verskeie tegnologieë wat saamwerk. Behalwe drukkersagteware, watter ander sagteware is nodig vir 'n rekenaar om 'n dokument te druk? (2)



4.7 Die volgende rekenaar word aanbeveel vir algemene administratiewe take in 'n kantoor. Beantwoord die vrae wat volg.

- Intel Core i5 of AMD Ryzen 5-Verwerker
- 8 GB DDR4 LTG ('RAM')
- 256 GB VTA ('SSD')
- 1 TB Hardeskyf
- Windows 11, of die nuutste weergawe van macOS (vir Apple gebruikers), of 'n Linux-verspreiding soos Ubuntu
- Geïntegreerde grafika
- Veelvuldige USB-poorte (USB 3.0 en USB 2.0) vir drukkers, eksterne hardeskywe ens., Ethernet poort, en Wi-Fi vermoëns.
- 'n Webkamera en mikrofoon
- Gigabit Ethernet
- Wi-Fi-ondersteuning
- HDMI of Vertoonpoort ('Display Port') vir die koppeling van 'n eksterne monitor

- 4.7.1 Wat is die verskil in stoor spasie tussen die SSD en die HDD? (2)
- 4.7.2 Onder watter sagtewarekategorie sal jy Linux klassifiseer? (1)
- 4.7.3 Gee EEN voordeel om 'n webkamera en mikrofoon by die rekenaar-spesifikasies in te sluit. (1)
- 4.7.4 Bespreek kortliks die betekenis van 'Gigabit' in die 'Gigabit Ethernet'-spesifikasie. (1)
- 4.7.5 Gee TWEE redes waarom die rekenaar met die spesifikasies hierbo gelys 'n tafelrekenaar ('desktop') kan wees. (2)
- 4.7.6 Watter tipe verbinding sal jy verkies wanneer jy 'n tafelrekenaar aan 'n netwerk koppel: gekabelde of koordloos? Verskaf TWEE redes vir jou keuse, maar MOENIE na spoed in jou antwoord verwys nie. (2)

[25]



VRAAG 5: NETWERK- EN INTERNETTEGNOLOGIEË

- 5.1 'n NKK ('NIC') stel rekenaars in staat om met 'n netwerk te verbind.
Watter tipe NKK word tipies by skootrekenaars ('laptops') gevind of gebruik? (2)
- 5.2 Behalwe tablette en slimfone, noem TWEE ander internet-gekoppelde toestelle wat in 'n huis gevind kan word en gebruik kan word om 'n koppelkol ('hotspot') te skep. (2)
- 5.3 Netwerkverbinding word gevestig deur aan 'n stel reëls vir data-oordrag te voldoen.
- 5.3.1 Watter term word gebruik vir die stel reëls of prosedures wat data-oordrag tussen elektroniese toestelle moontlik maak? (1)
- 5.3.2 Waarvoor staan SMTP, en wat is die primêre doel daarvan? (2)
- 5.4 Wat is die verskil tussen 'n koordlose toegangspunt ('access point') en 'n roeteerder ('router')? (2)
- 5.5 Alhoewel ruitnetrekenarisering ('grid computing') en groot data ('big data') verskillende doelwitte het, gebruik hulle 'n soortgelyke benadering/metode om hul doelwitte te bereik. Beskryf wat hierdie tegnologieë in gemeen het om hul doelwitte te bereik. (2)
- 5.6 Noem TWEE maniere om ongewenste inhoud outomaties in die webblaaier te blok. (2)
- 5.7 Bespreek kortliks TWEE aksies wat 'n IDV ('ISP') kan neem as 'n gebruiker hul aanvanklike datalimiet oorskry, sonder om internettoegang te beperk. (2)

[15]



VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

- 6.1 Noem enige TWEE voorbeelde van inligtingsbronne wat gebruik kan word wanneer 'n onderwerp nagevors word. Sluit enige elektroniese media uit. (2)
- 6.2 Wat is die eerste stap in die probleemoplossingsiklus? (1)
- 6.3 Webwerwe is die vinnigste manier om data te vind wanneer navorsing gedoen word. Benewens akkuraatheid, noem en beskryf twee ander faktore om in ag te neem wanneer webwerwe vir navorsing geevalueer word. (4)
- 6.4 Noem TWEE voordele om 'n opname persoonlik te doen (bv. by 'n winkelsentrum) eerder as om e-pos te gebruik om 'n vraelys uit te stuur. (2)
- 6.5 Elektroniese opnames of vraelyste vra dikwels vir inligting in die vorm van kodes, soos die gebruik van 'A' vir 'n motorfietslisensie of 'B' vir 'n motorlisensie. Verskaf een rede waarom hierdie praktyk gebruik word. (1)

[10]



VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

- 7.1 Mense met gestremdhede kan toestelle gebruik wat deur gebare of bewegings werk. Noem een tipe gebaar of beweging wat hierdie toestelle kan herken. (1)
- 7.2 Identifiseer die toestel wat hieronder beskryf word. Hierdie toestel kan slegs sagteware of 'n kombinasie van hardeware en sagteware wees en monitor inkomende en uitgaande netwerkverkeer veral wanneer dit aan die internet gekoppel is. (1)
- 7.3 Noem TWEE probleme wat 'n maatskappy kan ondervind wanneer 'n BJET ('BYOD')-beleid geïmplementeer word. (2)
- 7.4 E-posflousery ('Email spoofing') en uitvissing ('phishing') hou verband met mekaar. Beskryf die tegniek en die doel van e-posflousery en uitvissing. (2)
- 7.5 Rugsteun van data is belangrik vir sekuriteit en herstel van data. Verduidelik die verskil tussen wolkberging ('cloud storage') en wolkrugsteun ('cloud backup') in terme van hoe datarugsteun gedoen word. (2)
- 7.6 Waar is dit NIE raadsaam om aan te meld vir internetbankdienste nie? (1)
- 7.7 Die meeste aanlynplatforms vereis 'n verifikasie metode vir sekuriteitsredes. Verduidelik wat twee-faktor-verifikasie is. (1)

[10]



VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING

8.1 'n Webbladsy wat in 'n teksredigeerder soos Notepad gestoor is, sal dalk nie in 'n webblaai oopmaak wanneer jy dit dubbelklik nie. Verduidelik hoekom dit gebeur en hoe om te verseker dat dit reg oopmaak. (2)

8.2 Jy moet 'n genommerde lys in HTML skep vir 'n reeks stappe. Skryf die HTML-kode om die volgende lys op 'n webblad te vertoon.

A. Item 1
 B. Item 2
 C. Item 3 (3)

8.3 Die volgende databasistabel is vir verskillende sportspanne geskep. Bestudeer die tabelontwerp en die data wat in die tabel ingevoer is en beantwoord die vrae wat volg.

Field Name	Data Type	Description (Optional)
ID	AutoNumber	
Team/Span	Short Text	Team name/Span se naam
Won/Wen	Number	Number of times won/Aantal kere gewen
Lost/Verloor	Number	Number of times lost/Aantal kere verloor
Logo/Wapen	Attachment	Team logo/Span se wapen
Register/Registreer	Yes/No	Is registration paid/Is registrasie betaal

ID	Team/Span	Won/Wen	Lost/Verloor	Logo/Wapen	Register/Registreer
1	A	2	3	📎(0)	Yes
2	B	1	2	📎(0)	Yes
3	C	5	0	📎(0)	No

8.3.1 Identifiseer die belangrike eienskap of element wat ontbreek in die tabel. (1)

8.3.2 Die Register/Registreer-veld gebruik tans 'n kombinasieboks ('combo box') met 'Yes'- en 'No'-opsies. Watter tipe kontrole sal 'n beter opsie wees om aan te dui of 'n span die registrasiefooie betaal het? (1)

8.3.3 Jy wil 'n berekende veld ('calculate field') in 'n navraag skep om die totale aantal wedstryde wat deur elke span gespeel word, te bepaal. Skryf die besonderhede van 'n berekende veld, 'Totaal', neer, wat die totale aantal wedstryde wat gespeel word, sal bepaal. (2)



- 8.4 Bestudeer die sigblad hieronder wat gebruik word om te bepaal hoeveel mense in 'n spesifieke straat 'n waterlek op 'n spesifieke datum aangemeld het en of die lekkasie herstel is. Beantwoord die vrae wat volg.

	A	B	C	D
1	Date/Datum	Street name/ Straatnaam	Number reported/ Aantal gerapporteer	Repairs completed/ Herstelwerk voltooi
2	13-02-2023	Nuffield	9	Yes
3	14-02-2023	Lynn	6	Yes
4	14-02-2023	Drake	1	No
5	23-02-2023	Pigeon	3	Yes

- 8.4.1 Selfs as jy 'n datum in die formaat '13 Februarie 2023' invoer, word dit as 13-02-2023 vertoon. Verduidelik kortliks hoekom. (2)

- 8.4.2 Jy moet uitvind hoeveel gevalle wat meer as 5 keer gerapporteer is, is herstel. Hoekom is die COUNTIF-funksie nie die korrekte funksie om te gebruik nie, en watter funksie moet eerder gebruik word? (2)

- 8.5 Wat is die doel van veranderingspore ('track changes') in 'n woordverwerkings-dokument? (2)

[15]

TOTAAL AFDELING B: [75]



AFDELING C: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

Oorweeg die volgende scenario wanneer jy Vraag 9 en 10 beantwoord.

SCENARIO

'n Plaaslike sekuriteitsmaatskappy gebruik 'n beheer-/rekenaarsentrum wat gebruik sal word om te help met die opspoor van vermiste persone. Alle rekenaars in die beheerkamer sal aan 'n netwerk gekoppel wees. Personeel wat op afstand werk (om vermiste persone te soek) sal toegang tot die netwerk kan verkry.

VRAAG 9: INTEGRASIE

- 9.1 Verduidelik kortliks hoe 'n muisskandeerder werk en gee TWEE voordele van 'n muisskandeerder. (3)
- 9.2 Die administrateur wil 'n SSD aan die rekenaar koppel. Noem die tipes verbindings wat vir interne en eksterne SSD-verbindings gebruik word. Noem duidelik 'intern' en 'ekstern' gevolg deur jou antwoord. (2)
- 9.3 Nuwe rekenaars wat die sentrum kry, sal aan die netwerk gekoppel word. Hoekom is dit nodig om 'n bediener in 'n netwerk te gebruik? (2)
- 9.4 'n Drukker met die volgende kenmerke word vir die adminpersoneel voorgestel. Bestudeer die kenmerke en beantwoord die vrae wat volg.

Drukspoed: Tot 32 bladsye per minuut
 Papier kapasiteit: 250-vel invoerblad
 Dubbelkant Drukwerk: Outomatiese Dubbelkant Drukwerk
 Outomatiese Dokument Voerder

- 9.4.1 Wat word 'n drukker genoem wat kan druk, kopieer en skandeer? (1)
- 9.4.2 Verduidelik hoe die outomatiese dokument invoer ('automatic document feed') die werk van die admin-personeel sal verbeter. (2)
- 9.4.3 Die prent hieronder wys die LCD-skerm wat op 'n drukker gevind word wat deur die adminpersoneel gebruik sal word. Noem TWEE funksies van die LCD-skerm. (2)





- 9.5 Die netwerkadministrateur noem multiverwerking ('multiprocessing') en multitaakverwerking ('multitasking') in 'n aanbieding. Verduidelik die verskil tussen multiverwerking en multitaakverwerking. (4)
- 9.6 Beskryf kortliks multi-raak tegnologie en noem EEN komponent (nie 'n toestel nie) wat dit gebruik. (2)
- 9.7 Die sekuriteitsmaatskappy het nog nie hul 'groen maatskappy'-sertifisering ontvang nie. Benewens e-afval, bespreek TWEE maniere waarop tegnologie tot omgewingsprobleme bydra. (2)
- 9.8 Verduidelik die konsep van internet van dinge ('internet of things'). (2)
- 9.9 Kriptogeldeenhede word soms vir betaling in kriminele aktiwiteite gebruik. Bespreek kortliks hoe blokketting ('blockchain') dit moeiliker maak om betaling vir kriminele aktiwiteite te ontvang. (2)
- 9.10 Verduidelik hoe virtuele realiteit tot voordeel van die sekuriteitsmaatskappy gebruik kan word. (1)

[25]



VRAAG 10: INTEGRASIE

LET WEL: Die scenario van Vraag 9 is ook van toepassing op Vraag 10.

- 10.1 Die sekuriteitsmaatskappy ondersoek die gebruik van KI (kunsmatige intelligensie) om vermiste mense te help opspoor.
- 10.1.1 Gee 'n beskrywing van KI. (2)
- 10.1.2 Bespreek TWEE maniere waarop KI gebruik kan word om vermiste persone op te spoor. (2)
- 10.2 Die sekuriteitsmaatskappy vereis dat personeel wat weg van die kantoor werk, internettoegang op hul skootrekenaars moet hê, maar die skootrekenaars is nie toegerus vir simkaarte nie. Verduidelik hoe hulle toegang tot die internet kan kry sonder om aan 'n koppelkol of toegangspunt te koppel. (2)
- 10.3 Lêers wat inligting oor vermiste persone bevat, kan te groot wees om te e-pos as gevolg van die insluiting van foto's en ander grafika. Stel 'n alternatiewe metode voor om hierdie lêers te deel sonder om e-pos te gebruik. (2)
- 10.4 Kitsboodskappe en e-pos sal die twee hoofkommunikasiemetodes wees wat deur die beheerkamer en personeel wat op afstand werk, gebruik word. Beantwoord die volgende vrae.
- 10.4.1 Onderskei tussen kitsboodskap- en e-posprogramme (soos Outlook en Firefox) in terme van die ontvangs van boodskappe. (2)
- 10.4.2 Verduidelik hoe personeel wat op afstand werk, toegang tot e-pos kan kry, selfs al is die e-posprogram nie op die rekenaar geïnstalleer nie. (1)
- 10.5 Hoekom sal die personeel dalk nie dieselfde take op mobiele toestelle kan uitvoer as op tafelrekenaars met dieselfde weergawe van toepassings nie, soos Microsoft 365? (1)
- 10.6 Jy stel voor dat die maatskappy geo-etiketering ('geotagging') gebruik om 'n persoon op te spoor. Motiveer jou aanbeveling deur TWEE maniere te verskaf waarop geo-etiketering vir hierdie doel gebruik kan word. (2)
- 10.7 Verduidelik kortliks hoe afkoopsagteware ('ransomware') personeel kan verhoed om toegang tot die maatskappy se data te verkry. (1)



10.8 Sommige personeel maak gebruik van telependel ('telecommuting') terwyl ander 'n mobiele kantoor ('mobile office')-benadering gebruik. Beantwoord die volgende vrae.

10.8.1 Onderskei tussen die toerusting wat in 'n mobiele kantoor gebruik word en die toerusting wat vir telependel gebruik word. (2)

10.8.2 In die konteks van die werksomgewing, beskryf wat 'n mobiele kantoor en telependel in gemeen het. (1)

10.8.3 Hoe kan maatskappye datasekuriteit en -privaatheid verseker wanneer personeel telependel? (2)

10.9 Die volgende databasistabelontwerp en inligting wat in die tabel ingevoer is, is 'n deel van 'n tabel wat inligting bevat oor vermiste persone wat gevind is. Beantwoord die vrae wat volg.

Field Name	Data Type	Description (Optional)
ID	AutoNumber	
Name/Naam	Short Text	
Surname/Van	Short Text	
Date/Datum	Date/Time	Date found/Datum gevind
Days/Dae	Number	Days missing/Dae weg

ID	Name/Naam	Surname/Van	Date/Datum	Days/Dae
1	Mary	Lundall	2022-09-15	10
2	Janette	Jones	2023-03-14	5
3	Jonathan	Botes	2023-02-06	78

10.9.1 Die eienskappe ('properties') van die Days/Dae-velde word hieronder vertoon. Watter eienskap moet verander word en watter datatipe sal jy aanbeveel? (2)

General		Lookup	
Field Size		Long Integer	
Format			
Decimal Places		Auto	
Input Mask			
Caption			
Default Value		0	
Validation Rule			
Validation Text			
Required		No	
Indexed		No	
Text Align		General	

10.9.2 Die volgende navraag is geskep. Verduidelik kortliks hoekom die Surname/Van-velde oorbodig is in hierdie navraag. (2)

Field:	Surname/Van	Days/Dae	Date/Datum
Table:	V10	V10	V10
Sort:			
Show:	<input type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Criteria:			>#2023-01-01#



- 10.10 'n Vorm is in MS Word geskep met inhoudkontroles, maar nadat die kontroles bygevoeg is en die ontwerpopsie ('design option') gedeaktiveer is, kon die personeel nie data op die vorm invoer of kies nie. Verduidelik kortliks die mees waarskynlike oorsaak hiervoor. (1)

[25]

TOTAAL AFDELING C: [50]

GROOTTOTAAL: [150]

